GEEN mens glo ek, kan 'n definitiewe antwoord op die toekoms van Suid-Afrika gee nie. Dit maak nie saak wie regeer en watter party aan bewind is nie, probleme sal ons altyd hê.

Suid-Afrika is 'n land van ekstrimiste, kapitaliste, konserwatisme, rasisme en barbarisme. Dit geld nie net vir blanke Suid-Afrika nie, maar vir Suid-Afrika as 'n geheel.

Kom ons gestel die Blanke rasistiese ekstrimiste moet aan bewind kom, die Herstigte Nasionale Party. Gedwange apartheid wat deur die Nasionale Party bewys is as nie beslaagd, 'n beleid van ekonomiese agteruitgang, wantroue en vyandskap. Die H.N.P. is net 'n party wat nie kan aanvaar dat hulle beleid; wat oorspronklik Nasionale beleid was, nie beslaag het nie.

Apartheid kan myns insiens om vier redes nie slaag nie. Dit sal en kan ekonomies nie slaag nie, net so kan dit polities en vredesanthalwe nie slaag nie, om nie eens van strategiese redes te praat nie.

Dan kyk ons weer na die huidige regering. Ek dink hulle het hul self met die huidige toedrag van sake self bewys. Kom ons kyk maar na ons regstelsel, ekonomie, staatkundige polisie, sport en algemene staatsdepartemente soos die poskantoor, spoorwee en nie eens to praat van die onderwys nie.

Dan sien ons weer 'n meer middeweg konserwatiewe party, wat bewys lewer van demokrasie deurdat sy beleid uit 'n fondament van broë dankwyse op bou na 'n konstruktiewe beleid nl die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party — 'n Party wat glo in die reg van die indiwidu; wat verskil met blanke baaskap, maar glo in blanke leierskap in die verdeling van mag onder alle mense in Suid-Afrika; 'n gesonde ekonomiese struktuur wat deur almal geniet kan word wat daartoe bydra; wegdoen met diskriminasie van vel of kleur in alle sektore, mits dit die keuse is van die betrokke instansie.

Dan sien ons hierdie nuwe linkse liberale ekstrimiste in teenstelling met die HNP — gedwange integrasie en verwerking van persoonlike keuse. Ek het niks daarteen dat die meerderheid van Suid-Afrika regeer nie — maar ek wil 'n waarborg vir my bestaanreg hê. Wat hierdie Liberale Progressiewe Party moet besef is dat onder die ander groepe van die gemeenskap ook ekstrimiste is — die sogenaamde „Black power" en „White freedom".

Hier will ek ook aan die hand doen dat my vriende moet 'n bietjie bestudeer hoe die swartman „freedom" sien. 'n Duidelike voorbeeld is Kenie, Angola, Zambia en ander Afriastate.

Daar is vir my as jong Suid-Afrikaner, wat my land lief het wat ek van my vaders, geërf het, wat sal lewe en sal sterwe vir my God en Valerland, net een antwoord vir 'n trotse erfenis vir my nageslag — 'n Federasie — 'n Verenigde Party aan bewind van sake.

---

# Crossroads Baby

HOME is a tin shack, a wooden shack, a paper shack,
Burning in the summer when the sand blows hard;
Ants in the jam tin, rats in the mealie bin,
But home for the baby in his own back yard.
Home is an old hut, a mildewy and mould hut,
Bitter in the winter when the wet wind howls;
Grey fire smoking, grey sacks soaking,
But an egg for the baby from the tough old fowls.
Pappy's fishing in the bay, Mommy's gone for washing day,
Sister feeds the baby with a bent old spoon;
Everybody's trying,
So what's the use of crying?
Sitting in the sandhills, crying for the moon?

M. L. ORPEN.

● *With acknowledgement to the Cape Times, November 25, 1975.*